23 Maart 2022

Beste Ouers

AKADEMIE

Ons is dankbaar om die einde van die eerste kwartaal te kon bereik, sonder enige ontwrigtings weens die pandemie. Leerders kon daagliks skool bywoon en die volledige Jaarlikse Onderrigplanne vir Kwartaal 1 is gedek.

OUERONDERSTEUNING

Graag bedank ons die ouers wat hul kinders met huiswerk en voorbereidings vir assesserings ondersteun het. Leerders wat hard gewerk en die vrugte van hul arbeid gepluk het, het ons trots gemaak.

Ons is egter bekommerd oor 'n groot aantal leerders wat nie hierdie kwartaal hul kant gebring het nie. Die persentasie leerders wat nie hul huiswerk voltooi het nie en/of assesserings of take ingehandig het nie, is kommerwekkend. Soms is take sonder die nodige navorsing of afronding voltooi. Onvolledige huiswerk is 'n probleem waarmee onderwysers daagliks gekonfronteer word. Ons versoek dringend dat ouers hulself vergewis van die assesseringsprogramme en verseker dat leerders in toekoms goed voorbereid is vir assesserings.




ALGEMENE UITVALLE

Drie probleemareas is vanaf Graad 1-7 geïdentifiseer.

1) Leesbegrip - baie leerders sukkel om vrae te beantwoord gebaseer op 'n teks wat hulle gelees het. Klik op die onderstaande skakel vir wenke oor hoe om begripsvaardighede te verbeter.
   Wenke vir leesbegrip

2) Basiese bewerkings - baie kinders het nie die vier basiese bewerkings bemeester nie. (+ - × ÷)
   Tafels en getalbindings moet daagliks ingeoefen word! Klik op die onderstaande skakel vir skakels na getalbindings en tafels-aktiwiteite.
   Maaltafels en getalbindings
   Kies die ouderdomsgroep wat geskik is vir u kind. (Tafels en getalverbindings is universeel vir alle ouderdomsgroepe.)

3) Woordeskat – baie leerders beskik nie oor ouderdomsgepaste woordeskat nie. Verseker dat u kind die hoëfrekwensiewoorde en woordeskat vir weeklikse speltoetse leer. Moedig asseblief daaglikse lees by die huis aan. Besoek die plaaslike biblioteek hierdie vakansie en maak leerders opgewonde oor lees!

AFWESIGHEDE

Ons is bekommerd oor die afwesigheid van 'n groot aantal leerders. Baie leerders was sonder rede tydens geskeduleerde assesserings afwesig en hul punte is negatief beïnvloed. Daaglikse bywoning is noodsaaklik vir die sukses van elke leerder.

DISSIPLINE

Bespreek en dwing asseblief ons vier Waardes die vakansie af: Liefde, Respek, Integriteit en Uitnemendheid. Dissipline en sorg begin by die huis. 'n Leerder wat onordelik en oneerbiedig is, maak inbreuk op die akademiese tyd van ander leerders.

Ons nooi u hartlik uit om ons praatjie oor positiewe ouerskap deur Karin Badenhorst op Donderdag, 7 April by te woon. Kliek op die onderstaande skakel om te RSVP:

RSVP-skakel

ASSESSERINGSDATUMS – KWARTAAL 2

| **GRAAD 1-3** | **GRAAD 4-6 EKSAMEN** | **GRAAD 7 EKSAMEN** |
|---|---|---|
| Begindatum: 1 Junie | Begindatum: 6 Junie | Begindatum: 1 Junie |
| Einddatum: 14 Junie | Einddatum: 14 Junie | Einddatum: 14 Junie |

Graad 4-7-leerders sal gedurende kwartaal 2 'n Hardoplees-assessering voltooi. Help hulle asseblief met hul voorbereiding deur die matriks te raadpleeg en die nodige ondersteuning te bied. Dit is die ideale tyd om Taalpunte te verbeter.

WISKUNDE-OLIMPIADE

Graad 7-leerders, sowel as die Top 20-leerders in Graad 5 en 6 het die geleentheid gehad om aan die WKOD se "Horizon" Wiskunde-olimpiade deel te neem. Ons wag gretig op hul uitslae.

"FAST HEROES" - PROJEK

Graad 3 en 4-leerders sal aan hierdie internasionale projek deelneem. Meer inligting volg volgende kwartaal.

ASSESSERINGS

Grondslagfase-assesserings vir kwartaal 1 sal op Vrydag, 8 April huis toe gestuur word vir ouers om te besigtig. Stuur asseblief die assesserings op Maandag, 11 April terug.

Graad 4-6-ouers kan die klasonderwyser kontak om die besigtiging van assesserings volgende kwartaal te reël.

Ons sien daarna uit om volgende kwartaal saam met ons ouers te werk om elke leerder te help om hul volle potensiaal te bereik. "Verander Suid-Afrika een kind op 'n slag."

Ons wens al ons ouers en leerders 'n welverdiende vakansie toe.

E. Olivier (Mev.)

AKADEMIESE HOOF: GRONDSLAGFASE

T. Coetzee (Mev.)

AKADEMIESE HOOF: INTERSENFASE